**Woensdag 7 Desember**

**Skrifgedeelte: Job 4:1-21**
**Fokusgedeelte: Job 4:6**

## Waarin anker my hoop? Nie in my goeie lewe nie!

In hoofstuk 3 is dit ’n moedelose Job wat begin praat. Hy sit saam met sy vriende op die grond. Sy klere is geskeur, sy kop is vol stof en hy vervloek sy geboortedag. Hy wens hy was dood. Hy sien net donkerte. Hy sien nie ’n pad vorentoe nie. In Job is daar nie ’n sprankie hoop nie.

In hoofstuk 4 is dit die eerste van Job se vriende wat begin praat. Sy naam is Elifas en hy wil graag vir Job help (vs 2-4). Job was altyd bereid om mense op te beur, en daarom wil Elifas ook help. Die eerste waaraan Elifas dink, is om Job daaraan te herinner dat hy (Job) tog ’n goeie man is. Hy is bekend as ’n voorbeeldige en gehoorsame kind van God. Dit moet tog vir hom hoop gee, want God straf in sy toorn mense wat sleg lewe (vs 7-9). Die implikasie van Elifas se troos is dus dat die swaarkry en rampe wat Job getref het, nie deur God se straf is nie, want Job dien God tog met oorgawe.

Tog is daar iets wat hinder. Ons almal voel dit aan, want kan ’n mens se lewe ooit volmaak wees dat dit goeie ankergrond vir jou hoop op God kan wees? Ons bely dan dat ons beste pogings in hierdie lewe onvolmaak is (HK, So. 24). Jou beste pogings is maar ’n fondament van sand. Vir Elifas hinder dit ook, want vanaf vers 12 vertel hy van ’n geheimsinnige fluistering wat sy oë vir ’n belangrike vraag geopen het, naamlik: Kan ’n mens ooit onskuldig voor God staan (vs 17)? Die antwoord is “nee”!

Eeue later was daar wel Iemand wat voor God onskuldig was. Hy was die God-mens – Jesus Christus. As die Seun van God het Hy in ons plek die pad van volmaakte gehoorsaamheid geloop. As jy in Hom glo en Hom volg en vir Hom lewe, het jou oë vir die fondament van rots, ons ware hoop, oopgegaan.

*Sing: Skrifberyming 5-2:4, 5*

*Dr. SJ (Kobus) van der Walt (Emeritus)*